# UNION DEPARTMENT OF EDUCATION.

## NATIONAL COMMERCIAL AND CIVIL SERVICE EXAMINATIONS.

---

# UNIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

## NASIONALE HANDELS- EN SIVIELE DIENS EKSAMENS.

# UNIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.
# NASIONALE HANDELSEKSAMENS, 1921.
## (Laer Graad.)

---

## AFRIKAANS (A).
### (Twee uur.)

1. Gebruik die volgende woorde in kort sinne, sodat die betekenis duidelik sal uitkom:

   Leer, verruil, verlies, by, oplig, verlig, opruiming, posvry, vernaming, monster, insolvent, kommissie, bankiers, koers, vereffen. (15)

2. Gee die teenoorgestelde van die woorde in kursiewe druk:

   (*a*) Die *groot* klok *loop*.
   (*b*) Ek is altyd *besig*.
   (*c*) Die handel *bloei*.
   (*d*) 'n *Ou* klerk word *ontslaan*.
   (*e*) 'n Versoek *van die hand wys*.
   (*f*) Jan gaan *vooruit*.
   (*g*) Die voorraad *verminder* elke dag.
   (*h*) 'n *Uitvoerbelasting* word gehef.
   (*i*) *Nat* mielies word aan die baai *afgekeur*. (12)

3. Gee die verkleinwoorde van:

   Kuiken, koningin, blom, saak, pad, bad, vat, brief. (8)

4. 'n Groot firma het 'n boekhouer nodig. Die bestuurder adverteer in 'n dagblad en u doen aansoek vir die pos.

   (*a*) Skryf die Advertensie.
   (*b*) Skryf 'n brief aan die bestuurder. (20)

5. Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:

(*a*) Ons Industrieë.
(*b*) 'n Staking.
(*c*) Handel.
(*d*) Op 'n tentoonstelling. (30)

6. Gee 'n opsomming van die inhoud van die volgende:

Lewensversekering word, soos baie ander ondernemings van groot betekenis, as iets natuurliks beskou, as 'n onmisbare faktor in die wêreld se besigheid. Die nut, doeltreffendheid en voordeel daarvan is algemeen bekend. Miljoene mense neem deel daarin en beskou lewensversekering as 'n goeie beskermingsmiddel, wat vir 'n familie nogal voordelig kan wees. Maar aan die oorsprong daarvan dink die meeste mense nie. Dis dan ook moeilik om presies te sê, wat die dryfveer in die begin was. Waarskynlik het die eienaars hulle eie voordeel be-oog.

Wat dit ook al kon gewees het, die feit dat lewensversekering aan sy doel beantwoord, weerlê die moontlike motiewe wat agter die onderneming geskuil het. Soos 'n mens goed kan begryp was in die begin byna onoorkoomlike moeilikhede. Dit was 'n onbekende saak, wat baie nie verstaan en dus nie vertrou het nie. As gevolg hiervan was die oprigters van die eerste lewensversekeringskantoor omring met berge van moeilikhede. Hoe dit ook al is, lewensversekering speel sedert die neentiende eeu 'n belangrike rol in ons samelewing. Ere dus aan die baanbrekers! Hulle het die plan op tou gesit in die hitte van die dag. En daarom verdien hulle die opregte dank selfs van ons wat in die verligte twintigste eeu leef. (15)

# NASIONALE HANDELSEKSAMENS, 1921.
## (Laer Graad.)

---

## AFRIKAANS (B).
### (Twee uur met diktee.)

1. Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:
   (*a*) Die Poskantoor.
   (*b*) Hospitale.
   (*c*) Brugge (Brûe).
   (*d*) My dorp (20)

2. Gebruik die volgende woorde in sinne, sodat die betekenis duidelik sal uitkom:

   Betrekking, herroep, beroep, aansoek, kladpapier, lessenaar, landbou, ontken, versoek, nuut. (10)

3. Verklaar (define) die volgende afkortinge:

   Bep., Gebr., P. K., v. o. s., ont., Mej., rek., get. (8)

4. Gebruik die regte vorm van die byvoeglike naamwoorde, tussen hakies:

   (hoog) pryse; (billik) vergoeding; (sleg) diens; (goud) ketting; (klein) rekening; (glad) pad; (groter) onderneming; (swart) kole.

5. Vertaal:
   (*a*) I hope to meet you in my office at half past eight to-morrow morning.
   (*b*) Building operations are as active as ever, notwithstanding the heavy cost of materials, and it is becoming increasingly difficult to obtain bricks, cement, galvanized iron, and other supplies.

(*c*) I have applied for the situation, but do not expect to be appointed.
(*d*) Dear Sir, I am unable to accept your kind invitation. Your obedient servant.
(*e*) The eleventh February, nineteen hundred and twenty one, at quarter past seven p. m. (16)

6. Vertaal:

In die verlede het Suid-Afrika die fout begaan, om te afhanklik van ander lande vir sulke bewerking te wees in plaas van dit self in hande te neem. Die boer het gereedskap nodig vir sy besigheid; ploeë, planters, ens. Hy het misstowwe nodig, om die grond te voorsien van die bestanddele waarvan dit uitgeput raak, of ook wel waarvan die grond geen voldoende voorraad het om dit geskik te maak, waarvoor dit gebruik word nie. Hy vereis dat sy produkte verwerk sal word vir voedsel en klere. Hy verlang meubels vir sy huis, voertuie vir sy produkte, en veel meer voorwerpe waarsonder hy nie in staat sou wees om hom te skik na die eise vir die beskawing nie. (18)

---

## DIKTEE.

Die leser word versoek om:

(*a*) Die stuk aan die kandidate voor te lees, sodat hulle die algemene inhoud kan begryp;
(*b*) sinsnede na sinsnede stadig te lees, en elke groep woorde soos afgemerk te herhaal;
(*c*) die stuk 'n derde keer voor te lees om die kandidate 'n kans te gee om hulle laaste verbeteringe aan te bring.

Met onderwysers / en ander amptenare /, wat met kerstyd/ 'n lang vakansie kry, / is dit anders gesteld. / As armoede / of ander omstandighede / hulle nie verhinder nie, / kan hulle / die neerdrukkende en / verlammende uitwerking / van die somerklimaat / in die binnelande / van Suid-Afrika ontvlug / deur 'n uitstappie / na die Strand toe. / Hulle kan smôrens / en saans / na hartelus swem / in die fris seewater, / of vir hulle plesier / 'n entjie / op die see vaar. / Soiets gee altyd afwisseling, / want daar sal gewoonlik / 'n paar mense wees / wat seesiek word, / omdat hulle die op- / en neergaande beweging / nie kan uithou nie. / Iemand wat belangstel / in visvang / kan kom met / die nodige voorraad vislyn, / hoeke en aas / gewapen / en op 'n veilige plekkie / teen die rotse/ gaan sit, / om sy geluk / te beproef. (20)

---

## NASIONALE HANDELSEKSAMENS, 1922.
## (Laer Graad.)

---

### AFRIKAANS (A).
### (Twee uur.)

1. Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:
   (*a*) Mededinging.
   (*b*) Ons Uitvoerhandel.
   (*c*) Waarom ons adverteer.
   (*d*) Die Mynindustrie. (30)

2. Gebruik die volgende woorde in sinne, sodat die betekenis duidelik sal uitkom:

   Daling, verlies, wissel (selfs. n. w.), aanskrywe, afsetgebied, wins, spotgoedkoop, opsig, krediteur, uitstel, sortering, besending, afskrif, aanwins, klandiesie. (15)

3. Verklaar die Afkortinge:

p.a., u. dw. dnr., v.m., dt., i.p.v., bepk., rek., o.a. (8)

4. Maak 'n selfstandige Naamwoord van elkeen van die volgende woorde:

Ontvang, ontslaan, erken, lag, bedrieg, koop, bak. (7)

5. 'n Boer is van plan om 'n groot plantasie aan te lê. Hy woon naby die spoor op sy eie grond, maar het nie genoeg kapitaal nie. Hy adverteer nou vir 'n vennoot en u is bereid om saam met hom te gaan. Skryf (*a*) die advertensie en (*b*) die brief aan die adverteerder. (20)

6. Gee 'n opsomming van die inhoud van die volgende stuk:

Die oprigting van industrieë is die oplossing van die arm-blanke kwessie — 'n saak wat die gedagtes van alle liefhebbers van Suid-Afrika besig hou. Dit mag nie moontlik wees om die lewenslange gewoontes van die ouer geslag af te keer nie, maar, soos reeds aangetoon, kan die jonger geslag tot uitstekende industriële arbeiders opgevoed word.

Afgesien van die arm-blankes, kan 'n aansienlike gedeelte van die samelewing in diens geneem word. As 'n mens die statistieke van die aantal blanke, wat om verdienste aansoek gedaan het deur middel van die Arbeidsburo vir die jaar 1914 — die laaste normale jaar voor die oorlog — nagaan, dan blyk dit dat daar 3006 applikasies om werk was, en net 2364 het werk gekry. Dit is seker bewys genoeg, dat daar 'n groot mark vir arbeiders is en die industriële werkers moet hiervandaan kom.

Verder mag 'n mens nie die gekleurdes en inboor-

linge oor die hoof sien nie, en hier is feitlik 'n onuitputlike bron. Dit is onmoontlik om die loop van die natuur te keer. Op die arbeidsmark sal die swakste die onderspit moet delwe en die wette van vraag en aanbod altyd geld. Werkgewers sal op die ou end die geskikste arbeiders vir hulle werk kies, en as hulle die nie onder die blankes vind nie, sal hulle ander planne moet maak. Die eis van die wit arbeider vir hoër beloning, wat gedurig meer dringend word, sal ongetwyfeld 'n stadium bereik, wanneer dit sonder om hulle eie saak te beskadig, nie verder sal kan styg nie. (10)

7. Gee die sinsontleding van die volgende stuk:

Daar die meeste mense van opienie was dat Jan nooit soiets sou doen nie, tensy onder abnormale omstandighede, kon hulle die gerugte, wat oor die hele dorp was, dat hy die moordenaar was, eenvoudig nie glo nie. (10)

---

## NASIONALE HANDELSEKSAMENS, 1923.
### (Laer Graad.)

### AFRIKAANS (A).
**(Twee uur.)**

1. Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:
   (*a*) Die beroep wat ek gekies het.
   (*b*) Spaarbanke.
   (*c*) Die nut van assuransie.
   (*d*) Ons Landbou. (15)

2. Gebruik die volgende woorde in sinne, sodat die betekenis duidelik sal uitkom:
   Korting, faktureer, saldo, offerte, winskoop, akte, gegewens, funksie, tarief, konkurensie. (10)

3. Vorm Byvoeglike naamwoorde van o.s. selfstandige naamwoorde, en gebruik in kort sinne, b.v.: **Telefoon — Ons het 'n telefoniese berig ontvang.**

Tiepe, industrie, koöperasie, praktyk, periode. (10)

4. (*a*) Gebruik gepaste selfst. n.w. saam met o.s. werkwoorde in kort sinne, b.v.: **Tjarter — Ons firma het 'n skip getjarter.**

Aksepteer, rojeer (uitveeg), endosseer, instel, bevestig.

(*b*) Gebruik die volgende woorde in sinne:

Al (as bywoord en as byvoeglike n.w.); ander (as byvoeglike n.w. en as voornaamwoord); loop (as werkwoord en as selfst. n.w.); kant (in twee betekenisse); wee; weë (10)

5. (*a*) Gebruik saam met o.s. selfst. n.w. die werkwoord wat die ontstaan aandui, b.v.: **'n Wissel word getrek.**

Kontrak, ooreenkoms, lening, vonnis, kosprys.

(*b*) Gebruik die volgende uitdrukkinge in sinne:

In verband met; uitgebreide konneksie; uit goeie bron; in verbinding stel; betrekkinge aanknoop.

(*c*) Gee die teenoorgestelde van:

Behoeftig, arm, weifelend, bouvallig, vals. (15)

6. Gee die Sinsontleding van die volgende:

Vandat ek die man, wat daar by julle op die plaas woon, die eerste maal ontmoet het, het ek gevoel dat ons twee nooit sal stryk nie. (10)

7. U het 'n brief ontvang, waarin gevra word vir monsters en prysopgawe vir sersie, voersies, en mansferweel.

Beantwoord die brief. (10)

8. Skryf 'n kort weergawe van die volgende:

Totnogtoe het ons alle lande buite die Ryk gelykop behandel, maar dit sal later ongetwyfeld nodig word om lande te begunstig, waarvan ons ook begunstiging kry.

Die meeste ander lande het gevind dat dit verstandig is om verskillende invoertariewe te hê vir vreemde lande, namate daardie lande hulle goed of sleg behandel. Dis moontlik dat deur Suid-Afrika ook hierdie gedragslyn sal moet ingeslaan word. Dit is egter 'n suiwere Suid-Afrikaanse vraagstuk waaroor ons in die toekoms self sal moet besluit. Die doel sal wees, op die konferensie om nie alleen ons interimperiale handel te vermeerder nie, maar ook om ons handel in die wêreld as geheel te bevorder. Verder word die vraagstuk van skeepvaart geopper. Dit is 'n belangrike maar ook 'n moeilike vraagstuk. Die skeepvaart van die wêreld is verdeel tussen 'n aantal groepe, en die hele wêreldhandel word hierdeur beheer, want daardie groepe opponeer mekaar nie. Hulle verdeel liewers die wêreldvaart tussen hul. Sulke lyne blyk nie goed te slaag in Staatshande nie. Kanada het selfs 'n paar van sy skepe al verkoop, en die Australiese Regering het die afskaffing van sy lyne al herhaaldelik oorweeg. Dit lyk asof die op baie groter skaal moet aangepak word om te kan slaag. Wat private stoomvaartlyne betref het die Britse Regering ondersoek ingestel wat ook vir ons van waarde is. Ons weet gladnie watter voorstelle die Britse regering hieromtrent sal maak nie. (10)

## DIKTEE.

Die opsiener moet die volgende woorde lees; elke woord moet net **eenkeer**, maar so duidelik moontlik uitgespreek word. As al die woorde gedikteer is, moet die opsiener die hele lys weer aflees. Die hele oefening moenie meer as 10 minute in beslag neem nie.

| | |
|---|---|
| Behuisingskema. | Spaarbankrekeninge. |
| Kashouer. | Gekanseleerde. |
| Illustreer. | Bederflikheid. |
| Inkorporasie. | Bankreferensies. |
| Essensiële. | Billikerwyse. |
| Driemaandeliks. | Delgingsfonds. |
| Professioneel. | Duidelikheidshalwe. |
| Funksionaris. | Nieteenstaande. |
| Sirkulêre. | Diwidend. |
| Kwotasie. | Maatreëls. (10) |

---

# NASIONALE HANDELSEKSAMENS, 1923.

### (Laer Graad.)

---

## AFRIKAANS (B).

### (Twee uur met diktee.)

1. Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:

   (*a*) Wat ek wil word.
   (*b*) Die nut van spoorweë.
   (*c*) Die nut van banke.
   (*d*) My vakansie op die plaas. (15)

2. Gebruik die volgende woorde in sinne, sodat die betekenis duidelik sal uitkom:

Behou, onthou, beken, beskou, aanskou, behaal, onthaal, erken. (8)

3. Gee die meervoud van die volgende:

Pad, weg, vrou, staat, kollega, besem, staf, ploeg. (8)

4. (*a*) Vorm verkleinwoorde van die volgende:

Koning, wa, pen, potlood, wang.

(*b*) Gebruik die regte vorm van die Byvoeglike naamwoord, tussen hakies:

(plat) dak; (simpel) storie; (saf) vye; (laag) prys; (verantwoordelik) betrekking (10)

5. (*a*) Verklaar die volgende afkortinge:

l.m.; nl.; k. a. v.; d.i.; K. O. A.

(*b*) Verdeel in lettergrepe:

Essensieel, poëte, wieë, ruitjie, leraar. (10)

6. (*a*) Gebruik die volgende uitdrukkinge in sinne:

Ten gunste van; met die oog op; bewys lewer; te wyte aan; met betrekking tot.

(*b*) Vul die regte voorsetsel in:

Ek woon ...... die dorp; hy het die goed ...... hom; ons is bang ...... inbrekers; ek stuur die monsters ...... pos; hy vra die goed ...... my. (10)

7. Vertaal:

(*a*) We beg to advise you, that, owing to the fall in

prices of the raw material, we have this day reduced the price of our product by 5 per cent.

(*b*) The rise in prices which we had to announce at the end of last year has been steadily maintained.

(*c*) We cannot, of course, guarantee that the prices which we are quoting to-day will hold good three months hence.

(*d*) A meeting of creditors will be held at the offices of the firm on the 15th instant, at 3 p. m. (12)

8. Vertaal:

(a) Meneer, — In antwoord op u brief van 3 deser, moet ek sê dat dit my innig spyt om klagte van u te ontvang van die swak kwaliteit van die tee, wat ek op 25 l.m. aan u gestuur het.

(*b*) Die enigste verklaring, wat ek kan gee, is dat kiste met verskillende kwaliteit verkeerd gemerk is, en so hiervandaanaf weg is.

(c) Onmiddellik op ontvangs van u brief het ek my voorraad nagegaan en 'n 30 kiste gevind, wat blare bevat nie ooreenkomstig die merk nie.

(*d*) By sommige van die kiste, wat gedeeltes slegs van die regte kwaliteit bevat, merk ek ook onderskeid in gewig, en ek het my prinsipale dadelik laat verstaan, dat, na my mening, sulke goed ongeskik is vir aflewering aan klante. (12)

---

## DIKTEE.

Die leser word versoek om:

(*a*) die stuk aan die kandidate voor te lees, sodat hulle die algemene inhoud kan begryp;

(*b*) sinsnede na sinsnede stadig te lees, en elke groep woorde soos afgemerk te herhaal;

(*c*) die stuk 'n derde keer voor te lees, om die kandidate 'n kans te gee om hulle laaste verbeteringe aan te bring.

Voor die dae / van die treinspoor / het die transportryer / 'n uiters / belangrike plek / in die handel / van ons land ingeneem, / net soos die koopvaardy / in die oorsese handel. / Wat die betekenis / van die verkeer is, / dit kan ons / dadelik besef / as ons kyk / na die omwentelinge wat / sedert die dae / van ossewa, / die spoorweg / en vandag ook / al hoe meer / die outomobiel / teweegbring. / Die verkeersmiddele het / in die geskiedenis / van die handel / en van / die hele / menslike beskawing / 'n besonder / groot rol gespeel. / Die oudste beskawing / het ontstaan / aan groot, / bevaarbare riviere, / of aan binneseë. (15)

---

## NASIONALE HANDELSEKSAMENS, Junie, 1924.

### (Laer Graad.)

---

### AFRIKAANS (A).

**(Twee uur.)**

1. Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor een van die volgende onderwerpe:
   (*a*) Die Telefoon.
   (*b*) Die Telegraaf.
   (*c*) Spaarbanke.
   (d) Suid-Afrika se Uitvoerhandel. (15)

2. Gebruik die volgende woorde in sinne, sodat die betekenis sal uitkom:

   Rojeer, akseptasie, besending, relasies, gegewens, frankeer, doeane, toewys, kredietbriefie, kredietbrief. (10)

3. *(a)* Vorm Byv. n.w. van o.s. selfst. n.w., en gebruik in kort sinne, b.v.: **Tiepe — Dit is 'n tiepiese voorbeeld.**

Wins, krag, telegraaf, geld, produk.

*(b)* Vorm persoons- en saakname van die o.s. werkwoorde, b.v.: **Debiteer — debiteur, debet.**

Praktiseer, importeer, bevestig, fungeer, noteer. (10)

4. *(a)* Gebruik die volgende woorde in sinne:

Baie (as 'n bywoord en as byvoeglike n.w.); die (as bep. lidwoord en as voornaamwoord); gang (in twee betekenisse); skep (as w.w. en as snw.); ly, lei.

*(b)* Gebruik gepaste selfst. n.w. saam met o.s. werkwoorde in kort sinne, b.v.: **Ons het die brief bevestig.**

Aanknoop, diskonteer, deurslaan, oordra, vertraag. (10)

5. *(a)* Gebruik saam met o.s. die w.w. wat die ontstaan aandui, b.v.: **'n Lening word gesluit.**

Rekening, voorwaarde, faktuur, afslag, kosprys.

*(b)* Gebruik die volgende uitdrukkinge in sinne:

Met die oog op; uithoofde van; vaste offerte; dae na sig; in rekening bring.

*(c)* Gee die teenoorgestelde van die volgende:

Agterstallig; ouderwets; seldsaam; oppervlakkig; gemunt. (15)

# NASIONALE HANDELSEKSAMENS, 1924.
## (Laer Graad.)

---

## AFRIKAANS (A).
### (Twee uur.)

1. Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:

   (*a*) Ons suikernywerheid.
   (*b*) Ons wolnywerheid.
   (*c*) Spoorweë.
   (*d*) Handelsbanke. (15)

2. Gebruik die volgende woorde in sinne, sodat die betekenis duidelik sal uitkom:

   Verbruik, onbruik, afset, opset, uitset, uitsit, oordrag, klandiesiewaarde, oordraagbaar, spaardele. (10)

3. (*a*) Vorm byvoeglike naamwoorde van o.s. selfst.n.w., en gebruik in kort sinne, b.v.: **Tiepiese — Dit is 'n tiepiese voorbeeld.**

   Wol, bederf, bedryf, voorraad, respek.

   (*b*) Gebruik die volgende woorde in sinne:

   Gou (as bywoord en as byv. nmw.); in (as voorsetsel en as bywoord.); skop (in twee betekenisse); uitstel (as werkwoord en as selfst. nmw.); feit, fyt. (10)

4. (*a*) Gebruik gepaste selfst. nmw. saam met o.s. werkwoorde in kort sinne, b.v.: **Ons het die brief bevestig.**

   Beleg, styg, hef, herroep, verlê.

(*b*) Vorm persoons- en saakname van die o.s. werkwoorde, b. v.: **Korrespondeer – korrespondent, korrespondensie.**

Kwiteer, handel, organiseer, help, bemiddel. (10)

5\. (*a*) Gebruik saam met o.s. selfst. nmw. die werkwoorde wat die ontstaan aandui, b.v.: **'n Lening word gesluit.**

Protes, inwentaris, verbintenis, kondiesie, offerte.

(*b*) Gebruik die volgende uitdrukkinge in sinne:

Ten opsigte van; ten gevolge van; ten dele; in hierdie verband; op die gebied.

(*c*) Gee die teenoorgestelde van:

Geestig; geïmporteer; druk; gestyg; tydelik. (15)

6\. Gee die sinsontleding van:

Toe ek die dorp, waar ek jare gelede op skool was, onlangs weer 'n besoek gebring het, kon ek geen bekende meer vind nie. (10)

7\. In *Die Volksblad* van 31 Julie staan 'n advertensie vraende applikasies vir die betrekking van Junior Klerk by die firma Johnson & Kie., Posbus 360, Bloemfontein.

Skryf die applikasie en vermeld ouderdom, kwalifikasies, salaris verlang, en wanneer vry om te begin. (10)

8\. Skryf 'n kort weergawe van die volgende:

In die begin het daar baie moeilikhede met die vrugteuitvoer gepaard gegaan, vereers omdat die skepe nog nie voorsien was van die beste stoor-

plek, en verder dat die kwekers nog nie die regte kennis en ondervinding in hul pluk en verpakking had nie.

Die uitvoer-kwessie was tot op twee jaar terug nog baie ongereeld en deurmekaar. Ons dink hier b.v. terug hoe daar 'n twee jaar terug 'n 30,000 kissies lemoenvrugte opgehoop gelê het in die Kaapse dokke en natuurlik baie sleg geword het. Elke ramp het miskien ook 'n goeie sy, en so ook hier — boere koöpereer baie moeilik tensy wanneer hulle tot wanhoop gedrywe word. As gevolg van hierdie ramp het daar 'n kragdadige organisasie onder die kwekers in die lewe gekom, met die resultaat dat die Vrugtekwekers Beurs van Suid-Afrika, Beperk, opgerig was. Hierdie liggaam reël alle besendinge met die skepe, en verder behartig hy die belange van die kwekers en kan dinge deursit, waar die indiwiduele boer dit nooit sal kan doen nie. Sien hier 'n magtige krag in die hande van die kwekers om die regte gebruik van te maak.

Reeds in die begin van die vrugte-uitvoerperiode is daar 'n liggaam in die lewe geroep, nl. die „Cape Fruit Growers' Association", wat teen die einde van 1892 opgerig was, om die belange van die kwekers, veral uitvoer, te behartig. Destyds en daaropvolgende jare is baie rof met die vrugte op die spoorweë gewerk, en hierdie assosiasie het vir verbetering gesorg. (10)

---

## DIKTEE.

Die opsiener moet die volgende woorde voorlees. Elke woord moet net EENKEER, maar so duidelik moontlik uitgespreek word; as al die woorde gedikteer is, moet die opsiener die hele lys weer aflees. Die hele oefening moenie meer as 10 minute in beslag neem nie.

| | |
|---|---|
| Handelsvoorvalle. | Afkeurenswaardig. |
| Prowinsialisme. | Obstruktief. |
| Dientengevolge. | Reinigingsmiddel. |
| Spesialisasie. | Marconigram. |
| Kruisverhoor. | Vergelykenderwys. |
| Repatriasie. | Verwesenliking. |
| Verskeidenheid. | Onmiddellik. |
| Konsumpsie. | Kosprysberekening. |
| Ampshalwe. | Gevolgtrekking. |
| Transportonkoste. | Gebruiksaanwysing. (10) |

---

# NASIONALE HANDELSEKSAMENS, 1924.

## (Laer Graad.)

---

## AFRIKAANS (B).

**(Twee uur met diktee.)**

1. Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:
   (*a*) Die beroep wat ek gekies het.
   (*b*) Plaaslewe.
   (*c*) Tee.
   (*d*) Die nut van draadlose telegrafie. (15)

2. Gebruik die volgende woorde in sinne, sodat die betekenis duidelik sal uitkom:

Belang, verlang, bestaan, ontstaan, herken, verken, bevaar, gevaar. (8)

3. Gee die meervoud van die volgende:

Bed, graf, lewe, heg, tree, klou, hoop, paraplu. (8)

4. (*a*) Vorm verkleinwoorde van die volgende:

Kan, haan, bedding, lewe, plaag.

(*b*) Gebruik die regte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies:

(lief) meisie; (later) lewe; (ryp) ondervinding; (seker) persoon; (gebuig) yster. (10)

5. (*a*) Verklaar die volgende afkortings:

v.o.s.; p.a.; p/a.; L/R; k.m.o.

(*b*) Verdeel in lettergrepe:

Vereniging, hoë, finansiële, kluitjie, koningin. (10)

6. (*a*) Gebruik die volgende uitdrukkinge in sinne:

Van die hand sit; in verband met; in stee van; van tyd tot tyd; in die loop van die week.

(*b*) Vul die regte voorsetsel in:

Hy verneem ...... jou; hy wys ...... die reël; hy verwys ...... die reël; en jy kry dit nou ...... die koop toe; hy gee dit ...... my. (10)

7. Vertaal:

(*a*) Herewith I beg to enclose an invoice for the goods I ordered from you on the 27th September, and

despatched by ship to East London, to be forwarded by goods train immediately on arrival.

(*b*) We are much obliged for your order, No. 323, to hand this morning, and, as desired, we have today delivered to Messrs Kruger & Co., for enclosure, 1 piece 50-inch Sephyr, at 2s. 6d. a yard, invoice for which is enclosed.

(*c*) This is not the first time that we have had to complain of delay in deliveries of goods ordered, and, as in this case the goods were wanted as soon as possible, we particularly stipulated for prompt delivery, when giving the order to your representative, who promised to see that it was attended to immediately (12)

8. Vertaal:

(*a*) Meneer. — U brief van 18 deser het ek ontvang en in antwoord daarop moet ek sê dat dit my innig spyt om van u te verneem dat u geen verder gebruik van my dienste sal kan maak nie.

(*b*) As u kans sien om die produksie van baie merke, wat u in pakke geplaas het, in voldoende mate te vermeerder, soos deur u by 'n vorige geleentheid gekonstateer is, sou ons in verbinding kan tree met verskeie van die vernaamste handelaars oorsee met die oog op die skep van 'n mark daarvoor.

(*c*) Natuurlik het alle markpryse hul grense, en daar is op gewys dat, indien die Unie 'n plan het soetlemoene op dieselfde skaal as Spanje, of ander sulke lande, uit te voer, die pryse sodanig sal moet wees dat die voorraad snel verkoop word. (12)

## DIKTEE.

Die leser word versoek om:

*(a)* die stuk aan die kandidate voor te lees, sodat hulle die algemene inhoud kan begryp;

(*b*) sinsnede na sinsnede stadig te lees, en elke groep woorde soos afgemerk te herhaal;

(*c*) die stuk 'n derde keer voor te lees om die kandidate 'n kans te gee om hulle laaste verbeteringe aan te bring.

Die boek bevat / volle informasie / oor die steenkoolafsetsels van die Ryk, / en die plekke word / op spesiale getekende kaarte / aangegee. / Die geologie / van die afsetsels / word noukeurig beskrywe / en 'n groot / aantal analiese / van steenkool / is aangeteken. / Die beraamde / reserwes steenkool / en, / in die lande / waar steenkool / gegrawe word, / ook die statistieke / van steenkoolproduksie, / word opgegee. / Daar is / 'n interessante beskrywing / van die oorsprong / en groeie / van die steenkoolnywerheid / in elke land / en van / die groot vooruitgang / wat gedurende / die laaste 50 jaar / in die vernaamste lande / gemaak is, / wat alles / deur grafiese tekeninge / aangetoon word. (15)

---

## NASIONALE HANDELSEKSAMENS, Junie 1925.

---

### AFRIKAANS (A).

**(Twee uur.)**

1. Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:

   (*a*) Tweetaligheid in Suid-Afrika.

   (*b*) Die waarde van 'n handelsopleiding.

   (*c*) Koöperasie.

   *(d)* „Ondervinding is die beste leermeester." (25)

2. Gebruik die volgende woorde en afkortinge in toepaslike sinne:

Bare, verdaag, besending, voorraad, bestelling.

m.i.; l.l.; k.s.b.; S.Ed.; o.a. (15)

3. (*a*) Skryf 'n advertensie waarin musiekinstrumente te koop aangebied word teen verminderde pryse.

(*b*) Gebruik die volgende uitdrukkinge in sinne:

Na aanleiding van; ooreenkomstig weens; by voorbaat; uit goeie bron. (15)

4. Ontleed die volgende sinne:

Toe die berig dat pryse sou styg hom bereik het, was hy so verheug dat hy dadelik besluit het om die hele voorraad van die firma oor te neem. (10)

5. Skryf 'n kort weergawe van die volgende en plaas bo-aan 'n opskrif wat, volgens u sienswyse, toepaslik sou wees:

Die koopprys is betaalbaar in 'n sekere aantal gelyke paaiemente; dadelik na die sluiting van die kontrak kry die koper die goed, en kan hy dit gaan gebruik; die verkoper bly egter eienaar, en die koper word dit eers as die laaste paaiement betaal is. By wanbetaling van 'n paaiement mag die verkoper die kontrak vernietig, die goed terugneem en die reeds betaalde geld behou; om die verbeurte te regverdig teenoor die koper word tewens bepaal dat die gestorte paaiement beskou sal word as vergoeding vir die gebruik van die goed tot die som ten volle afbetaal is.

Aan hierdie laaste bepaling ontleen die kontrak sy naam. Die kontrak was outyds onbekend. Dis 'n skep-

ping van die moderne tyd om gereelde-lone-trekkende kopers tegemoet te kom.

Op die weg van ons Howe het dit gelê om hierdie nuwe instelling sy plek aan te wys in ons bestaande stelsel. Hul het dit, met 'n loflike uitsondering, van die Transvaalse Hof in 1923, op die wyse gedoen dat hulle die kontrak erken het net soos hy daar staan. Die groot beswaar teen die kontrak is die onvoorwaardelike verbeurte van die paaiement by wanbetaling van een daarvan. (15)

6. Veronderstel dat u al sowat vyf jaar in diens is van een of ander firma. Skryf nou die bestuurder 'n brief waarin u om 'n maand verlof vra ten einde 'n verafgeleë plek te besoek. (10)

---

## DIKTEE.

Die opsiener moet die volgende woorde voorlees. Elke woord moet net EENKEER, maar so duidelik moontlik, uitgespreek word. As al die woorde gedikteer is, moet die opsiener die hele lys weer aflees (herhaal). Die hele oefening moenie meer as 10 minute in beslag neem nie.

| | |
|---|---|
| Vervaardigingswyk. | Uitdrukkingsvermoë. |
| Handelsbelangrikheid. | Besigheidskorrespondensie. |
| Argumentshalwe. | Bereidwilligheid. |
| Verskeidenheid. | Landbesproeiing. |
| Stoomvaartlyne. | Onmiddellik. |
| Prysopgawe. | Ongeëwenaarde. |
| Herhaaldelik. | Landbougereedskap. |
| Koöperatiewe. | Verkooporganisasie. |
| Verantwoordelikheid. | Geïllustreerde. |
| Finansiële. | Tekstielnywerheid. (10) |

---

# NASIONALE HANDELSEKSAMENS, 1925.

## (Laer Graad.)

---

## AFRIKAANS A.

(Twee uur.)

1. Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:

   (*a*) Die ideale kantoor.

   (*b*) Die waarde van advertensies.

   (*c*) Spaarsaamheid.

   (*d*) Die handelswaarde van draadlose telefonie. (25)

2. (*a*) Skryf aan 'n firma 'n brief waarin u kla oor die oponthoud in die uitvoer van 'n sekere bestelling met hulle geplaas.

   (*b*) Skryf 'n antwoord wat, volgens u sienswyse, toepaslik sou wees. (12)

3. (*a*) Gebruik die volgende uitdrukkinge in toepaslike sinne:

   Ten opsigte van; bewys lewer; handelstatus; agterstallig; opeenhoping van profyt.

   (*b*) Gee die betekenis van elkeen van die volgende afkortinge:

   B.V.; b.v.; jl.; v.m.; r/v.

   (*c*) Wat is die gewone afkortinge vir:

   Aanstaande; dit is; Lid van die Volksraad; per adres? (15)

4. Gee die sinsontleding van die volgende:

Natuurlik het alle markpryse hul grense, en daar is op gewys, dat, indien die Unie 'n plan het soetlemoene op dieselfde skaal as Spanje of ander sulke lande, uit te voer, die pryse sodanig sal moet wees dat die voorraad snel verkoop word. (10)

5. (*a*) Skryf die volgende sinne oor en gebruik bondiger handelstaal:

( I) U mededeling van die 8ste van laaste maand het ons firma 'n dag of twee gelede bereik.

( II) U kan daarvan heeltemal verseker wees dat ons alles in ons vermoë sal doen ten einde u bevrediging te gee.

(III) As u ons sal toelaat ten behoewe van u te handel kan ons u die versekering gee dat ons vir u elke jaar groot besigheid sal doen.

(b) Sê kortliks waarom u dit as noodsaaklik beskou dat 'n besigheidsbrief, bo alles, duidelik moet wees en sê ook wat, volgens u sienswyse, daartoe bydra ten einde duidelikheid te verkry. (18)

6. Skryf 'n kort weergawe van die volgende:

In 'n jong land met 'n klein blanke bevolking en gevolglik beperkte afsetgebied soos Suid-Afrika, en wat in die verlede vir alles van die buiteland afhanklik was, moet byna iedere industrie 'n opdraande stryd voer voordat hy op gesonde grondslag kan kom; en daarom is dit so absoluut noodsaaklik dat die volk ingelig moet word oor wat daar in die land geproduseer word, om dergelike onderneminge te kan steun deur aan Suid-Afrikaanse fabrikate die voorkeur te gee.

Produksie uit eie bodem is nie alleen 'n essensiële vereiste vir nasionale bloei en welvaart nie, maar dit maak ook die werkkragte van 'n land produktief, kleed en voed die massas en bring geluk en tevredenheid in die bereik van die arbeidende klasse.

Daar is geen land in die wêreld waar nywerhede vandag meer aanmoediging en steun sowel van die owerheid as van die volk verdien as in ons eie Suid-Afrika nie, want dis in industriële arbeid waarin die oplossing van werkloosheid en armoede in groot mate opgesluit lê — die werkloosheid en armoede wat honderde Afrikaners jaarliks tot totale verval bring. (10)

---

## DIKTEE.

Die opsiener moet die volgende voorlees. Elke woord moet net EENkeer, maar so duidelik moontlik uitgespreek word As al die woorde gedikteer is, moet die opsiener die hele lys weer aflees. Die hele oefening moenie meer as 10 minute in beslag neem nie.

| | |
|---|---|
| Nywerheidsondernemings. | Interessant. |
| Maatskappy. | Gesamentlik. |
| Onontbeerlik. | Mededinging. |
| Opleidingsinrigting. | Verantwoordelik. |
| Geouditeerde. | Goederetariewe. |
| Diskontofasiliteite. | Werktuigkundige. |
| Onpopulêr. | Ontwikkeling. |
| Beïnvloed. | Parlementêre. |
| Landboubedryf. | Getjarter. |
| Vereistes. | Ooreenstemming. (10) |

---

# NASIONALE HANDELSEKSAMENS, 1925.
## (Laer Graad.)

---

## AFRIKAANS B.

**(Twee uur met diktee.)**

1. Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor één van die volgende onderwerpe:

(*a*) Suid-Afrikaanse handelsvooruitgang.
(*b*) Die nut van koerante.
(*c*) Besproeiingswerke.
(*d*) Handelseksamens.
(*e*) „Nood leer bid." (25)

2. Verbeter die volgende sinne en gee redes vir die veranderinge wat u maak:

(*a*) Ek het geontvang u brief gedateer 28 laastlede.
(*b*) Ons sal wees bly as u die goede hier in tyd sal aflewer.
(*c*) Die industrieele ontwikkeling van Suid-Afrika is van grote belang.
(*d*) Ek lyk die werk baie op daardie kantoor.
(*e*) Hy het aansoek voor die betrekking gemaak maar werd nie geaanstel. (10)

3. Vul die regte vorm van die werkwoord in:

(*a*) Ek die ontvangs van u brief (erken).
(*b*) Dit ons u mee te deel (spyt).
(*c*) Sal u asseblief hierdie tjek (onderteken)?
(*d*) Gister die bestuurder hier (is).
(*e*) Hy die rekening oormôre (betaal).
(*f*) Die bestuurder eergister (vertrek).

(*g*) Die bestelling moet voor die 20ste (uitvoer).

(*h*) Die goedere op die 10de l.l. (aflewer).

(*i*) Kan u vir my (sê) wat hy (bedoel) toe hy hier (is)? (10)

4. Vertaal:

Atlantiese Hotel,
Strandweg,
SEEPUNT, 15 Julie, 1925.

Die H[redacted]epk.,
Adderleystraat,
KAAPSTAD.

*Waarde Here,*

Op die 28ste l.l. het ek u 'n bestelling gestuur met die uitdruklike versoek dat die goedere nie later as die 10de deser afgelewer moet word nie. Dit is vandag die 15de Julie, en ek het nog die goedere nog enige inligting daaromtrent ontvang.

As u nie in staat was die bestelling uit te voer nie, waarom het u my dan nie daarvan verwittig nie?

Ek moet u daarom meedeel, dat tensy die goedere my op of voor die 20ste deser bereik nie, u die bestelling as gekanseleerd moet beskou

Die uwe,

H. OPPEL. (12)

5. Vertaal:

(*a*) The undersigned, duly instructed by Mr. P. du Toit, will offer for sale at 12 Hope Street, on Tuesday, 24th March, 1925, at 10.15 am.:

(*b*) To Let: A newly built six-roomed house in Avenue Le Sueur, Sea Point, Every convenience, including electric light, bathroom, garage, etc.

Rent £ 15 p. m. Apply: Judelsohn & Co., Parliament Street, Cape Town.

(*c*) I wish to subscribe to the Journal of the Department of agriculture. I understand that subscription is 5/- per annum, and enclose a postal order for the amount.

(*d*) We feel convinced that you will find the prices very reasonable, and wish at the same time to guarantee the excellent quality of the goods.
With regard to payment, our terms are 6 per cent discount for cash, or a bill at three months, as you may prefer. (18)

6. Verklaar die volgende afkortinge:
v/h; K/B; d.i.; m.i.; L.V.; o.a.; l.l.; S.A.S.; waarn.; h.h. (10)

---

## DIKTEE.

Die leser word versoek om:

(*a*) die stuk aan die kandidate voor te lees, sodat hulle die algemene inhoud kan begryp;

(*b*) sinsnede na sinsnede stadig te lees, en elke groep woorde soos afgemerk te herhaal;

(*c*) die stuk 'n derde keer voor te lees om die kandidate 'n kans te gee om hulle laaste verbeteringe aan te bring.

Die ou Vrystaat / moes hierdie periodes / van ekonomiese ontwikkeling / ook deurmaak. / Die ou Vaders van die Republiek / het spoedig geleer / dat geld, / krediet en banke / onontbeerlik is / in die ekonomiese lewe / van enige volk. /

Dit is nogal interessant / om op te merk / wat 'n vername rol / sekere koerante en tydskrifte / gespeel het / in die stigting / van die ou plaaslike banke / in die Kaapkolonie / en die aanmoediging / van bankwese in die Vrystaat. (15)

---

## SIVIELE DIENS EKSAMENS.

## AFRIKAANSE EKSAMENS, 1924.

### (Trap 1.)

### (Twee uur.)

1. Kies vraag (*a*) of (*b*).

(*a*) Skryf 'n brief van omtrent 20 reëls aan 'n vriend, waarin u hom iets van u werk meedeel.

of

(*b*) Skryf 'n opstel van omtrent 20 reëls oor een van die volgende onderwerpe:

( I) Die huis waarin ek woon.
( II) Blomme.
(III) My leesboek.
(IV) Klere. (45)

2. Gee die trappe van vergelyking van:

dof, nuut, grys, vernuftig, graag, dikwels. (6)

3. Gee die meervoud van:

kans, bak, kolonel, liefde, kalf, hoendervoer, ma, drif, lepel, hoera, industrie, wetenskap. (6)